Tema: God rus jou toe vir 2017.

Sang ter voorbereiding van die erediens
Lied 203: 1,2,3
Lied 577: 1,2,3,4,5.

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps. 110 – 3: 1,2
Votum
Seën
Loflied Ps. 65 – 1: 1,3,9
Geloofsbelydenis: HK Sondag 1 vr. 1 en 2.

Verootmoedigingsdiens
Wetlesing: Eks 20
Sing Sb 2 – 1: 1,2,6,7 (Mel Lied 582)
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Josua 5
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir Bediening na Buite (sendelinge)
Sing Ps. 18 – 2: 7,8
Seën
Amenlied Sb13-2.

Geliefde brs en srs en kinders

Elke jaar is ŉ nuwe fase in ons lewe. Vir skoolkinders is dit ŉ nuwe graad wat betree word of vir studente ŉ volgende studiejaar. In ons werk is daar nuwe uitdagings wat voorlê en in ons verhoudingslewe nuwe verwagtinge wat uitgeleef moet word. Elke jaar het nuwe beplanning en doelwitte – werksgewys of in jou persoonlike lewe.

Maar daar is ook nuwe fases wat op ander maniere in jou lewe aanbreek. Om ŉ geliefde aan die dood af te staan is seker een van die mees traumatiese nuwe fases in ŉ mens se lewe. Of om bewus te word van ŉ ernstige siekte waarmee jy moet saamleef is ook ŉ nuwe fase. Of bloot net om te verhuis na ŉ nuwe plek of gemeenskap of om ŉ nuwe werk te begin is ŉ nuwe fase. ŉ Baba in die huis is ŉ nuwe fase en om af te tree, is weer ŉ ander nuwe fase wat aanbreek .

Dikwels sukkel ons om hierdie nuwe fases in ons lewe te hanteer. Die onbekende maak jou onseker en selfs bang. Ons is mos dikwels geneig om net die probleme of uitdagings van ŉ nuwe fase te bedink en dan weet ons nie hoe ons dit gaan regkry nie. Daarom dat ons mekaar ook so aan die begin van elke jaar sterke en goeie wense toespreek – ons weet nie wat wag nie en hoop maar vir die beste.

Die volk Israel het in ons tekshoofstuk ŉ totale nuwe fase in hulle bestaan betree toe hulle die Jordaanrivier droogvoets kon deurloop in die beloofde land, Kanaän, in.
Agter hulle lê meer as 40 jaar van rondswerf in die woestyn en nou begin die nuwe lewe in die beloofde land.

Die Here maak egter besondere moeite om die volk toe te rus / gereed te maak vir hierdie nuwe fase in hulle lewe. Net so doen Hy ook met elkeen van ons. Daarom kom gee die Here ons vanmore moed vir 2017 as Hy ons wys op hoe Hy ons ook toerus vir die nuwe fases in ons lewe.
Kom ons kry vanmore ons toerusting by die Here om 2017 in sy krag aan te pak.

Brs en srs, om die betekenis van die toerusting wat die Here hier vir die volk gee reg te verstaan moet ons onsself ŉ bietjie indink in hulle situasie. Die volk leef vir eeue met die belofte dat God aan die nageslag van Abraham ŉ eie land sal gee. Vir meer as 400 jaar het hulle egter in Egipte soos slawe gewerk en moes hulle geloof in God en die belofte sekerlik gekwyn het.

Toe stuur die Here vir Moses en met wonderwerk lei die Here hulle uit Egipte op pad na Kanaän, die beloofde land. By die berg Sinai vertoef die volk ŉ lank tyd waar die Here hulle sy wet en verordening leer en die volk toerus om as uitverkore volk te kan leef. Daar gebeur ook die verskriklike teleurstelling dat die volk ŉ goue kalf maak om die as god te aanbid. Die Here straf die volk en wil eintlik nie met hulle verder saamtrek nie. Deur bemiddeling van Moses neem God die Here egter deur die

woestyn tot by Kanaän. Maar daar kom die tweede teleurstelling: die volk stuur 12 spioene in Kanaän in en die kom terug en 10 van die 12 oorreed die volk om nie die Here te vertrou nie en nie die land in te trek nie. As straf op hierdie ongeloof laat die Here die volk vir 40 jaar in die woestyn rondtrek sodat die ongelowige geslag kan sterf. Nou is die woestyntyd agter die rug! God laat die water van die Jordaanrivier wat die grens van Kanaän vorm opdroog sodat die volk droogvoets kan deurloop.

Die wonder het gebeur! Hulle is nou uiteindelik hier! ʼn Hele nuwe fase lê vir die volk voor! ʼn Moeilike tyd! Want die land word deur verskillende nasies bewoon en daar wag oorlog op oorlog om elke stad in te neem en die land hulle eie te maak. Die nuwe leier Josua word ook deur die Here persoonlik bemoedig vir die taak.

En nou fokus die Here op die volk! Hulle moet nou toegerus word vir die nuwe lewe in Kanaän. En hier – met hulle voete in die beloofde land – en met die heidense konings wat al reeds bewe van vrees – laat die Here die volk eers tot stilstand kom.

Vier dinge gebeur voordat die eerste veldslag kan plaasvind! Die Here rus die volk toe vir wat voorlê met vier gebeurtenisse:

1. Die besnydenis
2. Dan die Pasga wat gevier word
3. Dan die manna wat ophou
4. En dan ʼn oorweldigende verskyning van Jesus aan Josua.

Kom ons kyk hoekom hierdie dinge nodig was en hoe die Here dit gebruik om ons ook toe te rus vir 2017 en elke nuwe fase wat in ons lewe mag aanbreek.

1. Die besnydenis

Hoekom gee die Here nou hier aan Josua die opdrag om die volk te besny?
Want daarmee wou die Here die volk herinner dat Hy getrou bly aan sy beloftes. Onthou julle? Toe die Here die eerste keer – ongeveer 5 eeue gelede - die verbond met Abraham gesluit het, was dit die belofte dat sy nageslag die land Kanaän in besit sal neem! En nou het dit gebeur! Hulle het die land betree! Hulle is nou hier! Nou sovele jare en sovele belewenisse!

Geliefdes, God bly getrou aan sy beloftes! Ook aan jou aan my! Dit wat die Here aan ons belowe van sy sorg en voorsiening vir die toekoms – dit sal God laat gebeur en ek en jy moet leer om daarop te vertrou! Al neem dit ook hoe lank en lyk dit hoe onmoontlik! God sal doen wat Hy in sy Woord aan ons beloof!

Tweedens wou die Here hulle met die besnydenis herinner dat hulle en ons lewe saam met God geanker is in hierdie verbond – hierdie geloofsverhouding wat God met ons gesluit het! Dat ons aan God behoort en dat Hy vir ons sorg – Dit is ons versekering – en met hierdie besnydenis wou die Here hulle herinner. Net soos Hy

ook met elke Doop en nagmaal – die sigbare tekens van die verbond - ons herinner en verseker ons van sy gemeenskap met ons.

Derdens het hierdie besnydenis het ŉ besondere betekenis gehad: dit was die teken van God se vergifnis van die sondes wat die volk in die woestyn gepleeg het! Van die verraad met die goue kalf en die ongeloof en weiering om die land die eerste keer in te trek! Daarom het die Here hulle 40 jaar in die woestyn laat rondtrek waar die geslag ongelowiges moes sterf! En die ongelowige geslag ouers se kinders is nooit besny nie! Die kinders moes – soos die wet beveel - die teken van die verbond ontbeer as deel van die straf op hulle ouers!

Maar nou word hulle besny – die sonde word weggesny en God vergewe. Die naam Gilgal beteken “om iets weg te rol of weg te neem” God neem die sonde van die verlede weg. So ook vir ons! Die Nuwe Testament leer ons dat ons in Christus besny is – nie aan ons uiterlike liggaam nie – maar in ons harte! Ons sonde is weggeneem en word ons vergewe. Vir ons het Gilgal Golgota geword! Dit waar ons sondes weggeneem is.

En daarom, br. en sr, moet ek en jy nie worstel met die sondes van ons verlede nie! Ons mag nie die nuwe jaar betree en steeds met ŉ skuldige gewete leef oor wat verlede jaar gebeur het nie! Want dit gee die duiwel vatkans op ons gedagtes en op ons optrede! Ons moet aanvaar dat ons sonde volkome vergewe is en dat God dit weggesny het! Dit afgehandel en ek en jy kan my ŉ vrye gewete en met ŉ volkome nuwe begin ons pad met God loop! Watter wonderlike troos is dit nie! Ons wat so kan vashaak aan die slegte dinge van die verlede en wat dit altyd weer wil oproep – ook in ons verhoudinge met mekaar! Ons moet vergewe en vergeet – soos God!

Laastens het die besnydenis die volk geleer om die Wet van die Here te onderhou! Die wet wat sê dat iemand wat nie besny is nie, mag nie deel aan die Pasga nie. God herinner hulle om getrou te bly aan die uitvoering van die wet! Onthou julle hoe het Moses die volk keer op keer herinner om – wanneer hulle in die beloofde land kom - gehoorsaam aan die Here te lewe en nie van die Woord van die Here af te wyk nie? Nou herinner God hulle weer!

Ook vir ons! Ons moet in hierdie nuwe fase getrou wees aan die Here en sy Woord. Jy kan nie net in 2017 die seën van God verwag en nie ook gehoorsaam lewe nie! God se belofte van sorg staan vas ja, maar net so ook sy verwagting en eis dat ek en jy getrou sal lewe! Die twee dinge loop hand aan hand!

2. Die Pasga

Die tweede gebeurtenis om die volk toe te rus is dat Josua die opdrag kry dat die volk die Pasga of Paasfees moet voer. Dit was nou presies op die tyd van die jaar dat hulle die Paasfees moet vier. Paasfees wat tot nou toe net twee keer

deur die volk gevier. Eerste met die instelling in Egipte en ŉ tweede keer by Sinai. Nou weer die eerste keer in die beloofde land.

Waarom? Daar is rede tot feesviering en blydskap omdat God sy volk red, lei en verlos! Net so sal God in die nuwe fase van hulle lewe – hulle lei en red! Die Pasga – net soos die Nagmaal vandag – word gevier tot versterking van ons geloof in die Here. Dit leer ons om fees te vier! Dit leer ons om die nuwe fase wat God ons gee – met vertroue en met vreugde tegemoet te gaan! Die lewe is ‘n fees want God sal ons lei – net soos Hy sy volk uit Egipte gelei het, so lei die Here ons deur hierdie lewe tot in die ewige lewe waar Jesus wag om weer die Paasfees saam met ons te vier!

Die bedoeling van die Paasfees, soos Nagmaal, is dus om ons ŉ positiewe toekomsvisie te gee! Dat ons nie met swartgalligheid en moedeloosheid 2017 tegemoet gaan nie, maar met ŉ positiewe verwagting! Die Here gaan ons lei en waar Hy ons lei –daar sal dit goed wees!

3. Die manna

Die derde stukkie toerusting wat die Here die volk gee is om die manna weg te neem. Kinders – wat was die manna nou weer? Die manna was mos die spesiale wondermeel wat die Here elke dag saam met die kwartels vir die volk tydens hulle woestyntog gegee het om van te lewe! Nou stop die Here dit want kan hulle van die koring en gars, die oes van die beloofde land, eet.

Wat beteken dit? Dit dui op die wegneem van die spesiale, wonderwerklike sorg van die Here na eie verantwoordelikheid. Nou kan en moet die volk lewe van die opbrengs van die land wat hulle moet bewerk! Wat beteken dit vir ons? Brs en srs, hiermee wil die Here vir ons sê dat ons altyd kan reken op sy sorg, maar dat ons ook ons verantwoordelikheid moet nakom!

Ek het hierdie prentjie op Faceboek gesien en dit sê presies wat die Here van ons in 2017 verwag! (Wys skyfie)

4. Christus se verskyning

Die laaste stuk en seker belangrike toerusting wat die Here die volk gee, is die oorweldigende verskyning van Jesus aan Josua. Ons gaan vanaand baie dieper hierop in – maar vir nou net dit: Christus verskyn hier as Leeraanvoerder van die hemelse leërmagte! Alhoewel hy vir Josua aangestel het as leier en generaal van die volk in hulle veldtog om die beloofde land in te neem, is dit eintlik Christus wat voor loop en die geveg vir ons veg! Christus is die een wat vir ons die stryd voer teen die bose magte vir ons die oorwinning behaal!

Toe God vir Josua aangestel het as leier het Hy Hom in Josua 1 belowe dat Hy met Josua sal wees. Ons ken mos die bekende woorde van die Here in Josua 1:6–9 : Wees sterk, wees vasberade, want jy moet hierdie volk die land in besit laat neem wat Ek met ’n eed aan hulle voorvaders beloof het. “Wees veral sterk en baie vasberade in die uitvoering van die wet wat my dienaar Moses jou beveel het. Moet daarvan nie links of regs afwyk nie. Dan sal jy voorspoedig wees, waar jy ook al gaan. Hierdie wetboek moet die rigsnoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees. Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan.”
En hier verskyn die Here aan Josua om hierdie beloftes te vervul. Nou kan Josua sonder twyfel sy vertroue in die leiding van die Here stel!

Net so ook ek en jy, geliefde br. en sr! Hierdie belofte van die Here staan tot vandag toe vas aan elkeen van sy kinders! “Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan.” Hierdie belofte het Jesus reeds waar gemaak met die oorwinning aan die kruis, sy dood, opstanding en hemelvaart en ons weet: Hy is ons veggeneraal en Hy is elke dag met ons en ons volg Hom elke dag in die stryd van die lewe! Hy sal net so getrou by jou en my wees en daarom kan ons 2017 tegemoet gaan met vertroue.

So geliefdes, rus die Here jou dan toe vir hierdie nuwe jaar en vir elke nuwe fase wat ek en jy mag betree! Met besnydenis, Paasfees, manna en Christus se verskyning – sodat ons getrou, hoopvol en met blydskap die nuwe jaar tegemoet kan gaan! Neem dan hierdie toerusting of soos Efes. 6 dit noem: “wapenrusting” van die Here in geloof op en leef daarmee in 2017.

Amen